

VAK: AFRIKAANS HT		GRAAD: 12		LESPLAN 6		KWARTAAL 4		TYD: Dubbelperiode			
KERNINHOUD: Hersiening: Vraestel 2 – Afdeling A - Gedigte: Literêre terme											
LEERUITKOMS 1: Luister en Praat			LEERUITKOMS 2: Lees en Kyk			LEERUITKOMS 3: Skryf en Aanbied			LEERUITKOMS 4: Taal		
Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in 'n verskeidenheid kontekste.			Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.			Die leerder is in staat om vir 'n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.			Die leerder is in staat om taalstrukture en –konvensies gepas en doeltreffend te gebruik.		
Toon kennis van verskillende vorme van mondelinge kommunikasie vir sosiale doeleindes			Toon verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering			Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks			Identifiseer en verduidelik die betekenis van woorde en gebruik dit korrek in 'n wye verskeidenheid tekste		√
Beplan en doen navorsing om mondelinge opdragte vlot en ekspressief aan te bied			Evalueer die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en audiovisuele tekste			Toon die gebruik van gevorderde skryfstrategieë en –tegnieke vir eerste weergawes			Gebruik goed gestruktureerde sinne betekenisvol en funksioneel		√
Toon vaardighede in die luister na en lewer van mondelinge aanbiedings			Evalueer hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste			Dink na oor, ontleed en evalueer, met inagneming van ander se sienings, eie werk en bied die finale produk aan:			Ontwikkel kritiese taalbewustheid		√
Toon kritiese taalbewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies			Verken en evalueer die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word								
ONDERRIGAKTIWITEITE			LEERDERAKTIWITEITE			BRONNE			ASSESSERING		Datum afgehandel
Onderwyser doen hersiening van die literêre terme wat van toepassing is op gedigte. Dit kan gedoen word aan die hand van 'n gedig of gedigte uit die Voorbeeldvraestel van 2009: <ul style="list-style-type: none"> • Gevoel en stemming • Rym en ritme • Beeldspraak • Toon en stemming • metafoor, • vergelyking • personifikasie, • metonimia • onomatopée, • simboliek • woordspeling, • onderbeklemtoning 			VRAAG 2 die straatkind (Linda Roos) <ol style="list-style-type: none"> 1. ek wou verbymik met die selfbewuste ongeërgde blik 2. wat ons vir bedelaars en pendelaars en hoere reserveer – 3. verby die kind wat eenkant om die vullisdromme snuif 4. wat sy skraal skouers gereed dra soos spiese 5. of 'n heining: maar agter dié heining 6. het sy vuil hemp skielik opgekrimp soos 'n ou roof 7. en 'n toegepleisterde wêreld 8. op die sypaadjie laat bloei 9. waar bome onder die skril bevel van sae steun 10. konyne spartel in steriele laboratoriums 11. en lammers teen die slagterslem 12. en daar was wysheid in die lug 			VRAAG ANTWOORD <ol style="list-style-type: none"> 2.1 'n Verbyganger/ 'n waarnemer/ 'n eerstepersoonsverteller/ 'n goeie Persoon ✓ 2.2 Om die vermyding te beklemtoon/ Die spreker wou nie betrokke raak nie ✓ 2.3 'snuif' ✓ 2.4 'sy skraal skouers gereed dra soos spiese' ✓ Dit beklemtoon die straatkind wat gereedmaak om aan te val/ sy vyandigheid teenoor die samelewing/ Sy pogings om hom teen die samelewing te beskerm. ✓ 2.5 Dit wat verskuil/ toegepleister was, ✓ is nou openbaar. ✓ 2.6 Hulle sterf/ ly onskuldig. ✓ 2.7 Ekstra/ meer inligting word gegee oor die wysheid in die lug. ✓ 2.8 Onbetrokkenheid ✓ 					

<ul style="list-style-type: none"> • humor, • hiperbool, • kontras • sarkasme, • karikatuur, • ironie, • satire • paradoks, • oksimoron, • ritme • alliterasie, • assonansie, • teenstelling en • antiklimaks 	<p>13. (nes dié ander dag uit wolke)</p> <p>14. maar soos van ou mans met klam monde op parkbankies</p> <p>15. en kras soos kraaie</p> <p>16. toe ek wegdraai was daar 'n geruis in my ore</p> <p>17. en onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg</p> <p>18. van 'n vlerk</p> <p>Uit: 'n <i>Hokvol dwase</i>, 198</p> <p>2.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)</p> <p>2.2 Waarom word die woord “verby” in reëls 1 en 3 herhaal? (1)</p> <p>2.3 Watter woord in strofe 2 dui aan dat die straatkind dierlike eienskappe verkry? (1)</p> <p>2.4 Dui die alliterasie in reël 4 aan en verduidelik die funksie daarvan. (2)</p> <p>2.5 Verduidelik reël 7 en 8 in jou eie woorde. (2)</p> <p>2.6 Wat het bome, konyne en lammers in reëls 9 tot 11 met mekaar in gemeen? (1)</p> <p>2.7 Wat is die funksie van die parentese in strofe 3? (1)</p> <p>2.8 Waarvan word die moderne mens in hierdie gedig aangekla? (1) [10]</p>	
---	--	--

Tuiswerk:

Verryking/Uitgebreide geleentheid:

Nabetragting: Was die les 'n sukses of nie?